Tel: (012) 546-1358/1368
Faks: (012) 546-0705
Koos De La Reystraat 279
Posbus 16163
Pretoria- Noord 0116
www.daniemalan.co.za
E-pos: navrae@daniemalan.co.za

GR R OB 2/2014

Liewe Gr R Ouers,

Ons hoop u en u kleuter het die eerste 3 dae oorleef. Nou spring ons weg met ons formele werkies.

Tema: Dit is ek (19 – 23 Januarie 2015)

Huistaal en aanvangskennis:
- Wie is ek?
- Name en persoonlike gegewens.
- Vermoëns, belangstellings.
- Klere en speelgoed.
- Emosies
- Waarom ek uniek en spesiaal is.
- Hoe verander ek en wat verander nie.
- Vingeroefeninge om regte potloodgreep vas te lê.
- Konsepte: groot en klein
- Refreine.

Wiskunde:
- Tel voorwerpe uit 1 – 5.
- Beskryf, orden en vergelyk getalle (groot en klein)
- Posisie, oriëntasie en aansigte in en uit.
- Bou 3D voorwerpe met konkrete materiaal.
- Sortering: volgens
  - Primêre kleure: blou, rooi, geel.

Laat u kind elke dag van 1 – 5 tel.
Gebruik artikels in die huis bv. tel gou vir mamma 5 vurke uit. Sorteer voorwerpe bv. al die hemde bymekaar.

Versies:
Een vingertjie, een
Kyk hoe val die reën.
Twee, vingertjies, twee.
'n Groot vis in die see.

Skeppende aktiwiteite:
- Groepwerk: groot figuur verf, plak, versier.
- Sorteer en plak groot en klein voorwerpe.
- Teken jouself in of uit bv. in die huis, uit die huis.
- Vingervryf en teken.
- Ryg handpop met stomppuntnaald.

Liggaamsopvoeding:
- Vasstel van dominante oog.
- Beweging
- Ontwikkeling van koördinasie en simmetrie.
- Ruimtelike bewustheid.
- Ouditiewe diskriminasie.

Tel: (012) 546-1358/1368
Faks: (012) 546-0705
279 Koos De La Rey street
P O Box 16163
Pretoria- North 0116
www.daniemalan.co.za
E-mail:navrae@daniemalan.co.za

Uitvoerende kuns:
- Beweging op musiek.
- Dreunsang
- Ouditiewe persepsie.

Spesiale dank aan al die ouers wat by die ouer en atletiek was. Dit beteken ongelooflik baie 'n kind as u betrokke is.

Onthou: Snoepie R10 Vrydag en swemklere as dit nie reën nie. Sterkte vir die week.

Geniet die week!

Malanne maatjie Groete

_____
Me. Hettie Smith en Gr R Personeel.